

Die waarde van die Bisantynse tekste vir Bybelvertaling


Prof. GDS Smit

Inleiding

Sedert die begin van die geskiedenis van die Christelike kerk in die Nuwe Testament, het die apostels as oor- en ooggetuies van die woorde en werke van Jesus Christus (1 Joh. 1:1), saam met sy ander dissipels, die evangelie van ons Here Jesus Christus verkondig van Jerusalem, na Judéa, na Samaría en tot aan die uiterste van die wêreld (Hand. 1:8). Die kerkvader Eusebius vertel vir ons dat wanneer iemand aan die kerkvader Papias gesê het dat hulle volgelinge van die “*presbuteroi*” is (dit beteken “oudstes” en verwys na die apostels), hy hulle noukeurig uitgevra het oor die prediking van die apostels en oor die dinge wat die apostels self sou gesê het, omdat Papias nie geglo het dat die geskrewe boeke dieselfde waarde het om die lewende Woord suiwer te bewaar soos die lewende stem van Jesus Christus se eie ooggetuies nie.

Dit sou wonderlik gewees het as ons die Woord van Here tot vandag toe deur die getuienis van die apostels sêlf kon hoor. Maar, met verloop van tyd het dié ooggetuies begin afsterf en het die Here dit deur sy Gees bewerk dat sy Woord vir ons op skrif gestel word deur hierdie heilige mense (vgl. 2 Pet. 1:21). Sedertdien maak die kerk gebruik van *manuskripte* (letterlik: *handgeskrewe tekste*) om die “lewende Woord” te bewaar en van geslag-tot-geslag oor te lewer.

Met die verloop van eeue is dié manuskripte van die Bybel letterlik duisende male met die hand oorgeskryf op verskillende plekke in die wêreld. Dit is baie belangrik dat ons besef dat die kerk altyd baie groot waarde aan die oorskryf van die Bybelse teks geheg het, en dat dit uiters noukeurig gedoen was. Maar soos wat die manuskripte op verskillende plekke gekopieer was, het daar tog mettertyd enkele verskille tussen die manuskripte begin ontstaan. Mettertyd het daar tekste ontstaan wat meer in gebruik was in spesifieke gebiede en daarom vir die kerke in daardie gebiede meer bekend was, soos byvoorbeeld die tekste wat afkomstig was uit die omgewing van Aleksandrië, ook genoem die *Aleksandrynse tekste*, asook dié van Konstantinopel of Bisantium (vandag Istanbul), wat ook die *Bisantynse tekste* genoem word. Hierdie geskiedenis is vele male en op verskeie wyses vir ons op skrif gestel en ons gaan nie hier daarop in nie. Die figuur hier onder gee vir ons ‘n idee van die proses wat gevolg is met die oorskryf van die Bybel sedert die begin van die Christelike kerk. Die woordjie *outograaf* verwys na die oorspronklike manuskrip wat die oorspronklike skrywer geskryf het, wat die vroeë kerke gebruik het om verskillende kopieë vir die gemeentes oor die wêreld heen te maak.



Nestlé-Aland en UBS domineer steeds

Die afgelope sowat twee honderd jaar word 'n familie van Griekse tekste wat ontstaan het in die omgewing van Aleksandrië in Egipte deur die meeste Bybelvertalings gebruik as die grondteks vir nuwe vertalings. Hierdie Griekse tekste vind ons in die *United Bible Society* (UBS) se *Greek New Testament* asook in die Griekse Nuwe Testament van Nestlé-Aland. Ons noem hierdie tekste ook *eklektiese tekste*, omdat dit verskillende tekste met mekaar vergelyk, waarna 'n lesing dan aanvaar word op grond van sy ouderdom. Daar is dus nie werklik verskil tussen die Griekse tekste van UBS en dié van Nestlé-Aland nie. Die enigste verskille lê in die manuskripte wat gemeld word om die teks teen te vergelyk.

Daar is wel Christene wat nie die tekste van UBS of Nestlé-Aland wil aanvaar nie. Hulle meen dat die genoemde tekste uit 'n omgewing kom waar die kerk beïnvloed kon gewees het deur dwaalleer, of dat die teks nie destyds in die vroeë Westerse kerke in veral Europa gebruik was nie, en derhalwe nie bekend was tydens die reformasie nie en daarom nie die beste teks is Bybelvertaling op te baseer nie. Daar is ook besware teen die gebruik van hierdie tekste omdat die datering van die tekste as vertrekpunt geneem word om die betroubaarheid daarvan te aanvaar.

'n Kwessie waarmee ons ook moet rekening hou, is die feit dat die Nuwe-Testamentiese wetenskap die afgelope 200 jaar, maar in besonder sedert die 1960's 'n drastiese verandering ondergaan het, veral ten opsigte van die debatte onder geleerdes oor die sogenaamde historiese-Jesus kwessie. Die afgelope jare word toenemend kritiese afleidings uit die Nuwe Testament gemaak wat daartoe lei dat die maagdelike geboorte van Jesus, die wonderwerke in die Bybel en selfs die opstanding van Jesus deur sulke teoloë bevraagteken word. Ons kan dus nie vandag die invloed en gevaar van die Skrifkritiek en die Jesus-seminaar op die Nuwe-Testamentiese wetenskap en -leerplanne by teologiese fakulteite wêreldwyd genoeg beklemtoon nie. Dit is 'n kanker wat ook hier in Suid-Afrika sy tol geëis het in die teologie van Afrikaanse kerke en daarom is dit te verstane as Bybelgetroue gelowiges skepties is om sommer enige vertaling van die Bybel te lees. Hoewel ons nie te versigtig kan wees met die keuse van 'n Bybelvertaling nie, het ons ten spyte van die kritiek, nie genoegsame redes om te aanvaar dat die Griekse tekste wat vandag gebruik word vir die meerderheid vertalings van die Bybel, nie betroubare weergawes van die oorspronklike Griekse manuskripte is nie.

Is daar ‘n alternatief?

Omdat ons voortdurend bewus is dat die Skrifkritiek vir ons ‘n wesenlike gevaar inhou, is daar al jare lank gesprekke in kerklike kringe of daar naas die eklektiese tekste, enige ander betroubare bronne vir die Griekse grondteks is? In hierdie verband is daar ‘n teoloog met die naam van Maurice Robinson, wat ‘n baie belangrike bydrae gelewer het om te werk aan ‘n moontlike alternatief vir konserwatiewe teoloë en Bybellesers wat ‘n betroubare bronteks wil lees, maar versigtig is vir die eklektiese tekste van UBS en Nestlé-Aland.

Robinson gebruik tekste wat uit die *Westerse tradisie* kom (ook genoem die *Bisantynse tekste*) as vertrekpunt vir die Griekse Nuwe Testament. Die Bisantynse tekstradisie was dominant as kerklike teks in die grootste deel van die kerkgeskiedenis sedert 350 na Christus en het eers met die ontdekking van die nou bekende manuskripte vanuit die Alexandrynse tekstradisie die afgelope sowat 200 jaar, in onbruik geraak. Daar bestaan geen twyfel dat die Griekssprekende Christelike kerke dié teks as beide liturgiese teks (in die kerk) en populêre teks (by die huis) gelees het nie. Die Bisantynse tekste was ook die groep tekste wat in die tyd van die Reformasie deur die kerk gebruik was. Hierdie teks noem Robinson die *Meerderheidstekes*.

Dit is belangrik om net so terloops te noem dat Robinson in sy inleiding tot die Griekse *Meerderheidstekes*, wat bekend staan as die *Byzantine Majority Textform Greek New Testament*, meld dat daar ‘n algemene idee bestaan dat die *Textus Receptus* en die *Meerderheidstekes* dieselfde teks is, wat inderdaad nie die geval is nie. Die *Textus Receptus* is nie ‘n goeie Griekse teks nie, soos ons kerk ook al in sinodebesluite bevestig het. Daar bestaan sowat 1500 verskille tussen die teks wat algemeen bekend is as die *Textus Receptus* en die *Bisantynse Meerderheidstekes*.

Hierdie noukeurige ondersoek van die Bisantynse tekste deur Robinson het al soveel respek afgedwing dat daar vandag toenemend ondersteuners in kerklike kringe is wat pleit vir ‘n Griekse teks wat al die tekstradisies van die vroeë kerk, soos onder andere die Westerse tekste, die Aleksandrynse tekste en die papiirusse wat ontdek is by Oxyrhynchus in ‘n nuwe “meerderheidstekes” verwerk as grondteks vir die Nuwe Testament en Bybelvertaling. Hierdie is die benadering wat die *United Bible Society* in die laaste uitgawe van die *Greek New Testament* begin volg het, en in die volgende jare kan ons verwag om meer-en-meer tekste van die Bisantynse tradisie in die Griekse Nuwe Testament van UBS te sien. Dit sou moontlik vir baie Christene ‘n beter Griekse Nuwe Testament en meer aanvaarbare teks vir die vertaling van die Bybel wees omdat dit nie net een groep van Nuwe-Testamentiese tekste as vertrekpunt neem nie.

Ten slotte

Die Bisantynse tekstradisie soos verteenwoordig in die “Meerderheidstekes” van Robinson, is beslis ‘n goeie alternatief vir gelowiges wat graag die Nuwe Testament wil lees in die vorm

wat die kerk in die Westerse beskawing deur die eeue heen dit geken het. Om dié rede kan die Bisantynse tekstradisie (soos verteenwoordig in die *Meerderheidstekes* van Robinson) veral in ons kerk se konteks, waar ons ons teologie instel op die herwinning en herontginning van die teologie van die kerk deur al die eeue, beslis as 'n goeie alternatiewe bronteks oorweeg word vir studie en vertaling van die Nuwe Testament.